GRONDWET / CONSTITUTION

ARTICLE / ARTIKEL 1

NAME / NAAM

1. The name of the Association shall be the **PRETORIA ARMS AND AMMUNITION ASSOCIATION** (hereinafter referred to as the Association).

   Die Vereniging staan bekend as die **PRETORIA WAPEN- EN AMMUNISIEVERENIGING** (hierna die Vereniging genoem).

2. The Association has legal personality.

   Die Vereniging is beklee met regspersoonlikheid.

3. The Association regulates all its affairs, including, but not limited to, financial, membership and disciplinary matters.

   Die Vereniging reguleer al sy sake, insluitende, maar nie beperk nie tot, finansiële, lidmaatskap en dissiplinêre aangeleenthede.

ARTICLE / ARTIKEL 2

OBJECTIVES / DOELSTELLINGS

1 PRIMARY OBJECTIVES/PRIMÊRE DOELSTELLINGS

1.1 To promote the collecting, study, restoration, preservation and legitimate use of all arms and ammunition and related items.

Om die versameling, bestudering, restourasie, bewaring en wettige gebruik van alle wapens en ammunisie en verbandhoudende artikels te bevorder.

1.2 To exchange information and knowledge amongst members and amongst associations and organisations with similar objectives.

Om informasie en kennis tussen lede onderling en tussen verenigings en organisasies met soortgelyke doelstellings uit te ruil.

1.3 To promote the safe handling and possession of arms and to establish sound arms etiquette.

Om die veilige hantering en besit van wapens te bevorder en om suiwer wapen etiket daar te stel.

1.4 To establish and maintain a sound knowledge of all relevant laws relating to firearms and ammunition.

Om ‘n gesonde kennis van alle relevante wette wat verband hou met vuurwapens en ammunisie te kweek en te bevorder

1.5 To encourage and assist members to apply for registration as collectors of firearms and ammunition.

Om lede aan te moedig en behulpsaam te wees om aansoek te doen om as versamelaars van vuurwapens en ammunisie te registreer.

2 SECONDARY OBJECTIVES/SEKONDÊRE DOELSTELLINGS

2.1 To promote participation and involvement in legitimate firearms sport.

Om deelname aan en betrokkenheid by wettige wapensport te bevorder.

2.2 To promote lawful and ethical hunting.

Om wettige en etiese jag te bevorder.

2.3 To promote a sound knowledge of all relevant laws.

Om ‘n gesonde kennis van alle relevante wette te bevorder.

2.4 To encourage members to join the South African Gun Owners’ Association (SAGA).

Om lede aan te moedig om by die Suid-Afrikaanse Geweereienaarsassosiasie (SAGA) aan te sluit.

ARTICLE / ARTIKEL 3

MEMBERSHIP / LIDMAATSKAP

1. The members who attended the inaugural meeting of the Association shall be the Founding Members.

Die lede wat die stigtingsvergadering van die Vereniging bygewoon het is die Stigterslede.

2. Membership of the Association is open to any person subscribing to the Objectives and the Code of Conduct of the Association, who complied with the membership application procedure, who successfully passed the selection procedure and is classified in accordance with the prescriptions. Despite compliance with all the prerequisites a person shall be admitted as a member only upon the unanimous decision of the Executive Council. The Executive Council may limit membership to efficiently manage the Association.

Lidmaatskap van die Vereniging is beskikbaar aan enige persoon wat die Doelstellings en die Gedragskode van die Vereniging onderskryf, aan die aansluitings prosedure voldoen het, keuring suksesvol geslaag het en volgens voorskrif geklassifiseer is. Ongeag voldoening aan al die voorvereistes, word ‘n persoon slegs as lid toegelaat indien die Uitvoerende Bestuur eenstemmig daaromtrent is. Ten einde die Vereniging effektief te bestuur mag die Uitvoerende Bestuur die ledetal beperk.

3. Only members in good standing are entitled to renew their membership by paying the prescribed membership fee and by undertaking to abide by the Code of Conduct.
[A member in good standing means a person who is and remains acceptable to the Association as a member and who is not unfit to possess a firearm in terms of the Firearms Control Act, Act no. 60 of 2000, or who is still unfit to possess in terms of any previous or other legislation.]

Slegs lede in goeie aansien is geregtig om hul lidmaatskap te hernu deur die voorgeskrewe lidmaatskapfooi te betaal en hulself by hernuwing tot die Gedragskode te verbind.
['n Lid in goeie aansien is 'n persoon wat vir die Vereniging as lid aanvaarbaar is en bly en wat nie onbevoeg is om 'n wapen ingevolge die Wet op die Beheer van Vuurwapens, Wet no. 60 van 2000, te besit nie, of ingevolge enige vorige of ander wetgewing steeds onbevoeg is nie.]

4. Honorary membership may be awarded to any person by majority vote at an Annual General Meeting.

Erelidmaatskap mag aan enige persoon toegeken word deur 'n meerderheidstem tydens 'n Algemene Jaarvergadering.

5. Membership shall be terminated under any of the following circumstances:

Lidmaatskap word in die volgende gevalle getermineer:

5.1 The member's failure to renew his or her membership within the prescribed period.

Die lid se versuim om sy lidmaatskapgeld binne die voorgeskrewe tydperk te hernu.

5.2

When the member became unfit to possess firearms upon his/her conviction of any offence referred to in section 103(1) of the FCA (unless the court determined otherwise) or when the member was declared unfit to possess under section 103(2).

Toe die lid onbevoeg geraak het om vuurwapens te mag besit by skuldigbevinding aan enige misdaad gemeld in artikel 103(1) van die WBV (tensy die hof anders bepaal het) of toe die lid ingevolge artikel 103(2) onbevoeg verklaar is.

5.3 When the member was declared unfit to possess firearms by the Registrar in terms of section 102(1) of the FCA.

Toe die lid ingevolge artikel 102(1) van die WBV deur die Registrateur onbevoeg verklaar is om vuurwapens te mag besit.

5.4 Upon membership termination in terms of Article 4(1).

By beëindiging van lidmaatskap ingevolge Artikel 4(1).

5.5 When the member no longer subscribes to the Association's Code of Conduct.

Wanneer die lid nie langer die Vereniging se Gedragskode onderskryf nie.

5.6 When the member resigns, dies or becomes mentally unfit.

Wanneer die lid bedank, afsterf of geestesonbevoeg raak.

ARTICLE / ARTIKEL 3 bis

DEDICATED PROCEDURE FOR COLLECTOR CLASSIFICATION /
TOEGEWYDE PROSEDURE VIR KLASSIFIKASIE VAN LEDE

1. In accordance with regulation 5 of the Firearms Control Regulations, the following dedicated procedure shall be followed to evaluate members for their *bona fides* to be a private collector of firearms and/or ammunition in a particular category in respect of their interest in and knowledge of the historical, technological, scientific, heritage, educational, cultural, artistic value or any other aspect as determined by the PAAA, of a specific theme or field of interest:

In ooreenstemming met regulasie 5 van die Vuurwapenbeheer Regulasies word die volgende toegewyde prosedure gevolg om lede se *bona fides* om ‘n privaat versamelaar van vuurwapens en/of ammunisie in ‘n besondere kategorie ten opsigte van hul belangstelling in en kennis van die historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele, artistieke waarde of enige ander aspek soos deur die PWAV vasgestel, van ‘n spesifieke tema of belangstellingsveld, te beoordeel:

1.1 A member who wishes to be classified in a particular category of collectors must convince the Executive Council of the PAAA of his or her *bona fides* as a collector.

‘n Lid wat belangstel om in ‘n bepaalde kategorie van versameling geklassifiseer te word moet die Uitvoerende Bestuur van sy of haar *bona fides* as ‘n versamelaar oortuig.

1.2 Such member shall appear in person before the Executive Council (or a sub-committee appointed by the Executive Council for this purpose) and shall present to the Council full motivation as to his or her *bona fides* as a collector and his or her interest in and knowledge of the prescribed aspects of collections in a particular theme or field of interest.

Sodanige lid sal in persoon voor die Uitvoerende Bestuur (of ‘n subkomitee vir die doel deur die Uitvoerende Bestuur aangestel) verskyn en ‘n volledig gemotiveerde voorlegging doen aangaande sy of haar *bona fides* as ‘n versamelaar en sy of haar belangstelling in en kennins van die voorgeskrewe aspekte ten opsigte van versamelings in ‘n bepaalde tema of belangstellingsveld.

1.3 The motivation shall be in the form of a document and shall refer to the applicant’s theme or field of interest. The Executive Council may ask any additional questions to test the applicant’s knowledge of and interest in the various aspects of his or her collection.

Die voorlegging is in die vorm van ‘n dokument en sal verwys na die applikant se tema of belangstellingsveld. Die Uitvoerende Bestuur mag enige aanvullende vrae stel om die applikant se kennis van of belangstelling in die verskeie aspekte van sy of haar versameling te toets.

1.4 The Executive Council shall *inter alia* take into account the criteria as detailed in document PWAV-PRC-002, Selection and Classification Procedure, when considering classifying an applicant in a particular category.

By beoordeling van klassifikasie van ‘n applikant in ‘n bepaalde kategorie, neem die Uitvoerende Bestuur onder andere kennis van die kriteria soos blyk uit document PWAV-PRC-002, Keuring- en Klassifikasieprosedure.

1.5 The Executive Council shall classify an applicant in a particular category only if convinced of his or her *bona fides* as a collector in that particular category.

Slegs indien die Uitvoerende Bestuur oortuig is van die applikant se *bona fides* as ‘n versamelaar in ‘n bepaalde kategorie, word hy of sy dusdanig geklassifiseer.

1.6 The Executive Council shall not classify an applicant higher than Category C unless it is convinced that the applicant is in fact a collector of restricted or prohibited firearms or devices.

Die Uitvoerende Bestuur sal nie ‘n applikant in ‘n hoër kategorie as Kategorie C klassifiseer nie tensy dit oortuig is dat die applikant inderdaad ‘n versamelaar van beperkte of verbode vuurwapens of toestelle is.

1.7 The PAAA shall keep all records pertaining to all collectors’ classification.

Die PWAV sal rekord hou aangaande alle versamelaar’s klassifikasies.

ARTICLE / ARTIKEL 3 ter

COLLECTABLE FIREARMS AND AMMUNITION / VERSAMELBARE VUURWAPENS EN AMMUNISIE

1. Sections 17(1)(a) and 18(1) of the Firearms Control Act (Act no. 60 of 2000) respectively provide that any firearm or ammunition which is approved for collection by an accredited collectors association may be possessed in a private collection.

Artikels 17(1)(a) en 18(1) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet no. 60 van 2000) bepaal onderskeidelik dat enige vuurwapen en ammunisie wat deur ‘n geakkrediteerde versamelaarsvereniging as versamelbare items goedgekeur word, as sulks in ‘n privaat versameling besit mag word.

2. The PAAA acknowledges that firearms and/or ammunition may have historical, technological, scientific, heritage, educational, cultural and artistic value. In addition, the PAAA may also consider other generic or specific aspects to determine whether a firearm or ammunition fits in a specific theme or field of interest.

   Die PWAV erken dat vuurwapens en/of ammunisie historiese, tegnologiese, wetenskaplike, erfenis, opvoedkundige, kulturele en artistieke waarde mag hê. Aanvullend mag die PWAV ook ander generiese of spesifieke aspekte oorweeg om te bepaal of ‘n vuurwapen of ammunisie in ‘n spesifieke tema of belangstellingsveld val.

3. The Executive Council shall *inter alia* take into account the guidelines as detailed in document PWAV- PRC-002, Selection and Classification Procedure. When considering the collectability of a firearm in a specific theme or field of interest.

   By beoordeling van die versamelbaarheid van ‘n wapen in ‘n spesifieke tema of belangstellingsveld, neem die Uitvoerende Bestuur onder andere kennis van die riglyne soos blyk uit dokument PWAV-PRC-002, Keuring- en Klassifikasieprosedure.

4. The PAAA acknowledges that members’ collection themes or fields of interest may be of a divergent nature and that collectable firearms or ammunition will differ accordingly.

   Die PWAV erken dat lede se versamelingstemas of belangstellingsvelde uiteenlopend kan wees en dat versamelbare vuurwapens en ammunisie dienooreenkomstig sal verskil.

ARTICLE / ARTIKEL 4

DISCIPLINARY CODE/ DISSIPLINÊRE KODE

1. Any act or omission of any member which *prima facie* constitutes a contravention of any of the Rules of Arms Safety or which is contrary to the Constitution of the Association may be investigated by a Disciplinary Committee appointed by the Executive Council, where after the former shall report to the Executive Council which shall, after having afforded the transgressor the opportunity to answer to the allegations, either verbally or in writing or both, take the necessary action which it may deem fit and which may include, but which is not limited to, the termination of membership and the reporting of the transgression to the relevant authorities.

   Enige handeling of versuim deur enige lid wat *prima facie* op ‘n oortreding van die Wapenveiligheidsreëls neerkom, of teenstrydig is met die Grondwet van die Vereniging mag deur ‘n Dissiplinêre Komitee wat deur die Uitvoerende Bestuur aangestel is ondersoek word waarna eersgenoemde verslag doen aan die Uitvoerende Bestuur, waarna laasgenoemde dan, nadat hy die oortreder die geleentheid gebied het om mondeling of skriftelik of beide, op die bewerings te antwoord, die nodige stappe doen wat hy dienstig ag en wat insluit, maar nie beperk is nie tot, die beëindiging van lidmaatskap en die rapportering van die oortreding aan die betrokke owerhede.

2. No disciplinary hearing is required in the event of a member being deemed to be unfit or declared unfit upon his or her conviction of any offence or upon having been declared unfit to possess by the Commissioner of the SAPS. The member may, however, request the Executive Council to temporarily suspend him or her rather than to terminate his or her membership pending his or her appeal against such conviction referred to in Article 3, section 5.2 or the finding as envisaged by Article 3, section 5.3.

   'n Dissiplinêre ondersoek word nie gehou in die geval waar 'n lid onbevoeg geag of onbevoeg verklaar word by skuldigbevinding aan 'n misdaad of by onbevoegverklaring deur die Kommissaris van die SAPD nie. Die lid mag egter die Uitvoerende Bestuur versoek om sy of haar lidmaatskap tydelik op te skort eerder as om dit te termineer hangende sy of haar appèl teen die skuldigbevinding soos bedoel in klousule 5.2 van Artikel 3 of sy of haar onbevoegverklaring soos bedoel in klousule 5.3 van Artikel 3.

3. For every shooting event a competent Range Officer shall be appointed who shall be the sole judge of any breach of the rules of safety.

   Vir elke skietbyeenkoms word 'n bevoegde Baanbeampte aangestel wat die enigste beoordelaar van enige verbreking van die veiligheidsreëls is.

4. Depending on the nature and seriousness of the breach of safety, the Range Officer may warn the offender and/or bar him or her to participate any further in the day's events.

   Afhangende van die aard en erns van die verbreking van die veiligheidsreëls kan die Baanbeampte dissiplinêr optree deur die oortreder te waarsku en/of hom of haar te verbied om verder aan die dag se aktiwiteite deel te neem. .

5. An order barring a member to participate in the day's events shall be followed by a disciplinary enquiry envisaged by Article 4.1.

   'n Bevel waarvolgens 'n lid verbied word om aan die dag se aktiwiteite deel te neem sal opgevolg word met 'n dissiplinêre ondersoek soos bedoel in Artikel 4.1

ARTICLE / ARTIKEL 5

FIREARMS STORAGE AND HANDLING SAFETY RULES / VEILIGHEIDSREËLS TEN OPSIGTE VAN DIE BEWARING EN HANTERING VAN VUURWAPENS

1. Consider all guns as always loaded.

   Beskou alle wapens te alle tye gelaai.

2. Never let the muzzle cover anything you are not willing to shoot.

   Tensy jy bereid is om te skiet, mag geen wapen ooit op enigiets of -iemand gerig word nie.

3. Keep your finger off the trigger until your sights are on the target.

   Totdat die wapen op die teiken gerig is moet die vinger van die sneller afgehou word.

4. Be sure of your target.

   Maak seker van jou teiken.

5. No person shall handle any firearm after he / she has consumed any alcohol or while he / she is consuming same and no person shall be in possession of a firearm while he/ she is under the influence of intoxicating liquor or drugs having a narcotic effect.

   Geen persoon mag enige vuurwapen hanteer terwyl hy / sy enige alkohol gebruik of nadat hy/sy sodanige drank gebruik het nie en geen persoon mag in besit wees van ‘n vuurwapen terwyl hy/sy onder die invloed van alkohol of dwelms wat ‘n narkotiese uitwerking het, is nie.

6. During shooting events all those who do not actually shoot, must keep rifles and shotguns in bags or gun cases and handguns in holsters, bags or other holders behind the firing line. No firearm may be handled without the range officer’s authorization.

   Tydens skietaktiwiteite moet diegene wat nie self skiet nie gewere en haelgewere in sakke of tasse en handwapens in skedes, sakke of ander houers hou agter die skietpunt. Geen wapen mag hanteer word sonder die baanbeampte se toestemming nie.

7. When a firearm is not carried on your person or is not under your direct control, it must be stored in a prescribed safe. A motor vehicle is not regarded as safe storage.

   Wanneer ‘n wapen nie aan jou persoon gedra word of onder jou direkte beheer is nie moet dit in ‘n voorgeskrewe brandkas bewaar word. ‘n Motor is nie ‘n veilige bewaarplek nie.

ARTICLE / ARTIKEL 6

OFFICE BEARERS / AMPSDRAERS

1. The Executive Council consists of a Chairman, Vice Chairman, Secretary, Treasurer, Assistant Secretary, Activity coordinator and two additional members. Excepting for the Chairman, any member of the Executive Council is entitled to occupy two or more portfolios.

   Die Uitvoerende Bestuur bestaan uit ‘n Voorsitter, Onder-Voorsitter, Sekretaris, Tesourier, Assistent-Sekretaris, Aktiwiteitskoördineerder en twee bykomstige lede. Behalwe vir die Voorsitter, is enige lid van die Uitvoerende Bestuur geregtig om twee of meer portefeuljes te beklee.

2. The members of the Association elect the Chairman and the members of the Executive Council at the Annual General Meeting. The portfolios are awarded to the members by the Executive Council as soon as possible thereafter.

   Tydens die Algemene Jaarvergadering kies die lede die Voorsitter en die lede van die Uitvoerende Bestuur. Die Uitvoerende Bestuur ken so spoedig moontlik daarna die portefeuljes aan die bestuurslede toe.

3. The Executive Council shall consist of not less than five members.

Die Uitvoerende Bestuur mag nie uit minder as vyf lede bestaan nie.

.

4. Members may be co-opted to the Executive Council.

   Lede mag gekoöpteer word tot die Uitvoerende Bestuur.

5. All members of the outgoing Executive Council are eligible to be re-elected, provided that at least two of such members must be re-elected.

   Alle lede van die uittredende Uitvoerende Bestuur is geregtig om herkies te word, onderhewig daaraan dat minstens twee sulke lede herkies moet word.

6. The Executive Council is responsible for the day-to-day operations of the Association and shall meet whenever necessary.

   Die Uitvoerende Bestuur is verantwoordelik vir die dag tot dag bedryf van die Vereniging en sal byeenkom soos en wanneer nodig.

7. All financial decisions shall be approved by the members at the Annual General Meeting following the end of the particular financial year.

   Alle finansiële besluite moet deur die lede bekragtig word tydens die Algemene Jaarvergadering wat volg op die afsluiting van die betrokke finansiële jaar.

.

8. Three members of the Executive Council constitute a quorum.

   Drie lede van die Uitvoerende Bestuur vorm ‘n kworum.

9. In the absence of the Chairman the Vice Chairman acts as chairman. In the absence of both the Chairman and the Vice Chairman, the Secretary acts as chairman. An Executive Council meeting does not take place unless one of the aforementioned office bearers is present.

   In die afwesigheid van die Voorsitter neem die Onder-Voorsitter waar. In die afwesigheid van beide die Voorsitter en die Onder-Voorsitter neem die Sekretaris waar. Geen Uitvoerende Bestuursvergadering vind plaas tensy minstens een van voormelde ampsdraers teenwoordig is nie.

10. The Association may remunerate any of the office bearers or any person employed by the Association and may reimburse any member for any expenses incurred on behalf of the Association.

    Die Vereniging mag enige ampsdraer of enige persoon wat deur die Vereniging in diens geneem word, vergoed en mag enige lid vergoed vir uitgawes aangegaan namens die Vereniging.

ARTICLE / ARTIKEL 7

MEETINGS / VERGADERINGS

1. An Annual General Meeting shall, as far as possible, be held during June each year, but not later than the end of July.

‘n Algemene Jaarvergadering word, sover moontlik, jaarliks gedurende Junie gehou, maar nie later nie as die einde van Julie.

2. Special meetings may at any time be convened by the Executive Council or requested by at least one quarter of the paid-up members.

   Spesiale vergaderings kan te eniger tyd deur die Uitvoerende Bestuur saamgeroep of deur minstens ‘n kwart van die opbetaalde lede aangevra word.

3. Members’ meetings coincide with activities of the Association.

   Ledevergaderings val saam met die aktiwiteite van die Vereniging.

4. A quarter of the paid-up members, including valid proxies, shall be a quorum at any Annual General Meeting.

   ‘n Kwart van die opbetaalde lede, insluitende geldige volmagte, is ‘n kworum by enige Algemene Jaarvergadering.

5. All decisions are taken by majority vote, provided that any amendment to the Constitution shall be made by at least a two-third majority of the paid-up members present at the meeting, including valid proxies. In the event of a splitting of votes, the Chairman has a casting vote.

   Alle besluite word geneem by wyse van meerderheidstem, met dien verstande dat enige wysiging aan die Grondwet met ‘n twee-derde meerderheid van al die teenwoordige opbetaalde lede, insluitend geldige volmagte, geskied. Die Voorsitter het ‘n beslissende stem in die geval van ‘n staking van stemme.

ARTICLE / ARTIKEL 8

FINANCES / FINANSIES

1. The members shall decide what fees / dues are payable to or by the Association.
   Die lede besluit welke fooie / ledegelde aan of deur die Vereniging betaalbaar is.

2. At every Annual General Meeting the Treasurer shall present for approval a financial report of the Association, provided that such report needs not be compiled by an auditor or bookkeeper or audited by an external auditor.

   Die Tesourier moet by elke Algemene Jaarvergadering ‘n finansiële verslag van die Vereniging voorlê vir goedkeuring, onderhewig daaraan dat sodanige verslag nie deur ‘n rekenmeester of boekhouer opgestel of deur ‘n eksterne ouditeur nagesien hoef te word nie

3. The Executive Council may procure assets for the Association, provided all such assets are fully reflected in an assets register. The Executive Council may write off redundant or useless assets.

   Die Uitvoerende Bestuur mag bates vir the Vereniging aangeskaf, met dien verstande dat alle bates volledig in ‘n bateregister aangeteken word. Die Uitvoerende Bestuur het die bevoegdheid om oortollige of nuttelose bates af te skryf.

ARTICLE / ARTIKEL 9

EVENTS ORGANISED BY THE ASSOCIATION / AKTIWITEITE GEORGANISEER DEUR DIE VERENIGING

1. The Activity coordinator takes the responsibility for organizing and presenting activities for the Association.

   Die Aktiwiteitskoördineerder neem die verantwoordelikheid vir die reël en aanbied van aktiwiteite van die Vereniging.

2. Members shall regularly be appointed or elected to assist the Activity coordinator or to take responsibility to organize or present specific activities for the Association. All members shall be encouraged to participate in the events.

   Lede sal op gereelde basis aangewys of gekies word om die Aktiwiteitskoördineerder by te staan of verantwoordelikheid te neem vir die organisering en aanbied van spesifieke aktiwiteite vir die Vereniging. Alle lede sal aangemoedig word om aan die aktiwiteite deel te neem.

ARTICLE / ARTIKEL 10

TERMINATION OF THE ASSOCIATION / TERMINERING VAN DIE VERENIGING

1. The Association may be terminated in any way in accordance with the law. It may also be terminated by a majority decision of paid-up members who are present at the meeting convened with the object to decide on the future of the Association.

   Die Vereniging mag getermineer word op enige manier wat die reg toelaat. Dit mag ook beëindig word by wyse van ‘n meerderheidbesluit deur opbetaalde lede wat teenwoordig is by die vergadering wat saamgeroep is om oor die toekoms van die Vereniging te besluit.

2. Subject to any law protecting the interests of creditors, the net balance (including the assets) of the Association shall be transferred to an association that has similar objectives.

   Onderworpe aan enige wet wat die belange van skuldeisers beskerm sal die batige saldo (insluitende die bates) van die Vereniging oorgedra word na ‘n vereniging met soortgelyke doelstellings.

ARTICLE / ARTIKEL 11

REGULATIONS AND PROCEDURES / REGULASIES EN PROSEDURES

Regulations and procedures may be promulgated, amended or rescinded by the Executive Council, provided that such regulations and procedures shall be presented for approval to the members at the first Annual General or Special Meeting following such making. The Central Firearms Register shall be informed of such changes within 30 days after approval thereof.

Die Uitvoerende Bestuur mag regulasies en prosedures uitgevaardig, wysig of herroep, met dien verstande dat sodanige regulasies en prosedures aan die lede voorgelê word vir goedkeuring by die eersvolgende Algemene Jaarvergadering of Spesiale Vergadering. Die Sentrale Vuurwapenregister sal van sodanige veranderinge in kennis gestel word binne 30 dae na goedkeuring daarvan.